'BENUT NÓÚ LAER PRYSE VAN SKAAP- EN BEESVLEIS'

DIE produsenteprys van lamsvleis het sedert middel Maart vanjaar met 30% gedaal. Die Rooivleisprodusente-organisasie (RPO) raai verbruikers aan om die geleentheid te benut om lamsvleis teen laer pryse te koop. Op 'n jaargrondslag is die produsenteprys van lamsvleis nou 5,8% laer.

Die produsenteprys van beesvleis het sedert 11 April ook met 8% gedaal en op 'n jaargrondslag is die produsenteprys van beesvleis nou 4% hoër.

Bees- en skaapvleispryse het dus heelwat minder gestyg as die voedselinflasie-indeks van 9,8% (op 'n jaargrondslag) in Maart.

As die produsenteprys daal, duur dit egter 'n ruk om in die kleinhandelspryse weerspieël te word. Tans is daar groot verskille in die kleinhandelsprys ten opsigte van rooivleispryse. Verbruikers word aangemoedig om pryse en gehalte te vergelyk.

Die RPO bedank die kleinhandelaars en kleinhandelgroepe wat reeds die voordeel van die verlaagde produsenteprys aan verbruikers deurgegee het.

Verbruikers word aangeraai om beesvleis in groot maat en heel en halwe lamskarkasse te koop, wat dan volgens die verbruiker se behoeftes verpak kan word. Die norm behoort te wees dat die verbruiker vir heel en halwe lamkarkasse in die kleinhandel 33% meer behoort te betaal as die produsenteprys, plus BTW.

Die landwye droogte word as die rede aangevoer waarom bees- en skaapvleispryse in dié stadium uitermatig hoog behoort te wees. Dit is egter nie die geval nie. Dit lyk asof die aanbod nou die vraag oorskry en dat die laer produsentepryse tot ten minste in die lente sal voortduur.

OPPAS VIR DIÉ SLENTER

Die Departement van Landbou, Bosbou en Visserye het boere weer gewaarsku om bedag te wees op 'n swendelaar wat die droogtesituasie uitbuit en geld by boere steel.

Die betrokke persoon beloof die boer dat die departement 'n hulpverleningsbedrag van R270 000 aan hom/haar sal uitbetaal, waarvoor die boer in ruil dan R20 000 moet betaal.

Die departement bring dit onder boere se aandag dat hulpverlening deur die provinsiale departemente van landbou geskied, wat 'n diensverskaffer aanstel om veevoer onder boere te versprei. Boere is self daarvoor verantwoordelik om die veevoer en ander hulpverleningsgoedere by die verskillende depots van plaaslike landboukantore af te haal.

Boere word ook toegelaat om hulself in groepe te verdeel en diesel en/of petrol en veevoer by die depots op te laai. Geen uitbetaling word aan enige individu gemaak nie.

Boere moet dus nooit enige geld oorbetaal aan enigiemand wat belowe om te help nie. Die departement sal nooit van boere verwag om te betaal vir droogtehulp nie.

'SWAK BEPLANNING AS VEE LY IN DROOGTETYE'

VEEBOERE is te alle tye verantwoordelik vir die welstand van hul diere. Diere behoort nie die spit af te byt weens die boer se swak beplanning nie.

Luidens 'n verklaring deur die komitee wat vir die koördinering van dieresorg verantwoordelik is, behoort boere in hul bestuursprogramme vroegtydig vir droogtes voorsiening te maak en stappe te doen om dit te bestuur.

Volgens die komitee is dit onaanvaarbaar dat vee van honger te vrek – veral omdat dit voorkombaar is.

Daar is drie moontlikhede wat gevolg kan word in tye van langdurige droogte, naamlik om diere te voer, te verkoop of te slag. Daar moet onmiddellik opgetree word as dit duidelik raak dat die situasie nie op kort termyn gaan verbeter nie. Om niks te doen nie en toe te laat dat die diere vrek, is nie 'n opsie nie.

Boere moet die volgende wenke in gedagte hou.

- Die geld wat verdien word met die verkope van vee, kan gebruik word om voer vir die oorblywende diere te koop en om weer vee te koop as die droogte verby is.
- Dit is voordelig om veegetalle te verminder omdat meer en doeltreffender weiding vir die oorblywende diere beskikbaar is.
- Om die slag van diere uit te stel, kan beteken dat die dier se vleis taai en nie geskik is vir menslike gebruik nie.
- As 'n droogtegeteisterde plaas vol honger diere is, sal hulle die natuurlike weiding vernietig en dit kan jare duur om te herstel.
- Oorbeweiding verhoog die kans op plantvergiftiging omdat die vee desperaat is om kos in die hande te kry en enigiets sal vreet.
- Uitgeteerde diere sal nie voldoende groei of reproduseer nie en hul aanteelt kan moontlik permanent vertraagde groei toon en onproduktief wees.
- Ondervoede vee is vatbaarder vir siektes en parasiete.
- As die droogte verby is, sal die ekonomiese herstel stadig en duur wees.
- Dit is eties onaanvaarbaar om toe te laat dat diere wegkwyn van die honger.

Boere moet hul gebeurlikheidsplanne in fases toepas namate die droogte meer kritiek raak. Die volgende word aanbeveel:

- Verkoop ouer diere wat tydens 'n droogte gaan swaarkry en wat ná die winter in 'n swakker kondisie gaan wees.
- Verkoop speenkalwers en lammers sover moontlik – selfs al is hulle ligter as gewoonlik. Help kleiner diere wat nie onmiddellik bemarkbaar is nie.
- Hou kernkuddes wat gebruik kan word om die kuddes later te herbou en verwyder alle nie-teeldiere van die weiding af.
- As diere se kondisie in so 'n mate versleg dat hulle nie meer bemarkbaar is nie, is dit beter om hulle dadelik van kant te maak.
- Aangesien verskillende grade van droogtes onvermydelik is, word aanbeveel dat boere ten minste ses maande se reserwevoeding aanhou in die vorm van hooi, kuilvoer, ruvesel of bewaarde weiding.

Die einde van 'n droogte beteken nie die einde van die gevolge daarvan nie. Dit gebeur dikwels dat 'n "groen" droogte daarop volg, wanneer die weiding groen, maar karig en broos is. Dié weiding behoort genoeg hersteltyd te kry voordat dit weer benut kan word.

HIERDIE BLAD IS DEUR DIE ROOIVLEISPRODUSENTE-ORGANISASIE GEBORG.
BERIGTE IS DEUR DIE RPO GESKRYF EN VERSKAF. RIG NAVRAE AAN DIE RPO BY **012 349 1102**.
E-POS: **rpo@lantic.net**. WEBWERF: **www.rpo.co.za**.